Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

27 Junie 2021

09:30 EREDIENS: Ds. Piet

Die Doop word vanmore bedien aan Lizé, baba van SJ en Lize Jansen van Rensburg. Baie geluk aan julle en baie welkom aan die familie.

Ons kom vandag by die laaste twee preke in ons reeks uit die boek Esra.

Alhoewel die boek na Esra vernoem is, verskyn hy eers in hf 7 op die toneel en later ook weer in Nehemia. Die Here stuur vir Esra om die finale fase van God se herstel in sy verhouding met die volk te bewerk! Die Jode is terug in die land, hulle is terug in hulle geliefde Jerusalem! Die altaar is gebou, die tempel is voltooi en die volk kan God weer dien en aanbid!

Maar daar skort nog iets! Die belangrikste aspek van ons verhouding met God: sy Woord en ons gehoorsaamheid daaraan! Indien die Woord van God nie in die middelpunt van aanbidding staan en my en jou verhouding met God daardeur gerig word nie, is elke offer en elke erediens leeg en sonder betekenis!

Die Here het die volk in die verlede deur bykans al die profete oor en oor geleer: gehoorsaamheid is beter as offers! Israel het in Babel beland omdat hulle hierdie kernwaarheid nie vasgehou het nie! Die Here stuur vir Esra om weer hierdie kernbeginsel van ons verhouding met Hom te bevestig: sonder ‘n soeke na God in sy Woord en ware gehoorsaamheid aan Hom, is daar geen ware gemeenskap met God nie. Dan is ons godsdiens waardeloos - dan dien ons onsself en nie meer die God van die Bybel nie!

Tema: Die kern van jou verhouding met God is: soek Hom ywerig in sy Woord; wees Hom self gehoorsaam en leer ander mense die volle omvang en betekenis van sy Wil!

God en ons ontmoet mekaar

Intreelied: Ps 43 - 2: 2; Votum uit 2 Tim 3; Seën; Loflied Ps 119 - 1: 33,34,35 (eerste mel); Geloofsbelydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 3 en 7; Sing: Ps 119 - 2: 19

Ons verootmoedig ons voor God

Wet uit Eksodus 20; Sing Ps 1 - 1: 1; Gebed

Sakramentbediening
Formulier vir bediening van die Doop; Sing na die doop: Ps 105 - 1: 5.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Esra 7: 1 - 10; Teksverse: Esra 7: 1 en 10
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Sing Ps 25 - 1: 2,4 ; Seën; Sing Amenlied Sb 13 - 3.

17:00 AANDDIENS: Ds Piet

As gevolg van Esra se opdrag om die Woord van God in die sentrum van die volk se verhouding met God te stel, gebeur die onafwendbare: Die Woord bring sonde aan die lig! Die geestelike leiers het teen die Here gesondig deur teen sy bevel in met ongelowige, nie-Israelitiese vroue te trou!

Esra lei die volk in ‘n aangrypende gebed tot eerlike sondebesef, diepe berou en daarom ook tot pynlike bekering! As ek gesondig het moet ek dit regstel! Die leiers skei van hulle ongelowige vroue en stuur hulle weg! Wat ‘n pynlike daad! Vir ons klink dit verskriklik!

Net so pynlik swaar en ingrypend is dit elke keer wanneer ek my sondige wil en daad moet neerlê en voor God se wil moet buig! Ware gehoorsaamheid aan God vereis pynlik bekering! Maar hierdie bekering bring my in ‘n heerlike troosvolle en kragtige gemeenskap met God!

Tema: Ware gehoorsaamheid aan God vereis van ons pynlike bekering van ons sonde om heerlike gemeenskap met God te kan hê!

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps 139 - 1: 1, 12; Votum uit Jer 3; Seën; Sing Ps 32 - 1: 1, 4; Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Esra 9 en Esra 10: 1 - 18 en 44; Teksverse: Esra 10: 10 - 12 en 44.
Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing Ps 51 - 2: 1, 3; Gebed; Sing Ps 130 - 3 (Cloete): 1,2,3 (Tweede mel);
Seën; Amenlied: Sb 13 - 2.

Liefdegawes by albei eredienste:
Ons eie Diakonie.

MEELEWING

- Willie en Hannelie Pieters (Groep 14 - 082 740 3530) se kleinkind - Wihan en Hessie - se eersteling dogtertjie, het Dinsdag ‘n operasie ondergaan om drukking op die brein te verlig.
- Erasmus Venter (Groep 29 - 072 154 9410) se pa het COVID-19 opgedoen maar herstel nou tuis.
- Harmen en Ursula Wijnberg (Groep 3 - 082 774 6267) is siek aan COVID-19 en word tuis behandel. Harmen sal later terugkeer hospitaal toe vir verdere behandeling na die hartaanval.
- Elsabé Labuschagne (Groep 28 - 083 993 7565) se skoonsuster, Marthie van der Westhuizen, is onverwags en tragies oorlede en haar broer was in die hospitaal behandel. Ons bid hulle die troos van die Here toe. Die familie is ook baie naby aan Sarita du Preez wat ook van Koster afkomstig is.
- Andries du Plessis (Groep 14 - 072 292 4972) het Dinsdag weer ‘n oogoperasie ondergaan en sterk tuis aan.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee en Rita Kleynhans.

BAIE WELKOM AAN

- Gerda Kruger wat opgeneem word in die GKSA. Sy het met Hardus Kruger in die huwelik getree en ons wens hulle 'n geseënde huwelik toe. Groep 9.
- Roelf en Veronica van Wyk wat met attestaat vanaf GK Annlin by ons aansluit. Hulle woon in Deo Volenté nr 3, Groep 18.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenddiens
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie - ouers en kinders doen Les 15
17:00 Aanddiens

Dinsdag
17:15 Katkisasie Gr 11

Woensdag
Geen Katkisasie in die lig van die COVID-19 situasie

Donderdag
Geen Bybelstudie: Klipdrif

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 27 Junie
Sr Elsabe Labuschagne 083 993 7565
Br Arno Schutte 072 877 4624
Br Thomas vd Berg 072 448 9932

Woensdag, 30 Junie
Jsr Annelie v Vuuren

Donderdag, 1 Julie
Sr Joke Botha **(77)** 082 840 6974
Br Hennie Heystek **(74)** 072 517 1967

Vrydag, 2 Julie
Jsr Annabe Bester
Br Rianco Rheeder 074 785 0551
Br Frikkie v Zyl 082 610 9323

Saterdag, 3 Julie
Sr Marie du Plessis **(77)** 084 504 6640
Sr Annemè McDonald 072 567 0766
Sr Kiettie Willemse **(75)** 082 413 1782

WOORDVERKONDIGING UIT ESRA

Ter wille daarvan om die gedagtelyn van die Woordverkondiging gedurende die reeks preke te kan volg, gee ons kortliks die hoofsake wat alreeds behandel is. Die oorhoofse tema van Esra handel oor God wat sy volk na 70 jaar laat terugkeer na Jerusalem om die tempel te herbou en die diens aan God daar te herstel. In hierdie herstelprogram van die Here neem die altaar, die tempel en Woordverkondiging die belangrikste plekke in.

Preek 1: Esra 1: 1 God is getrou en by magte om al sy beloftes aan jou te vervul - bly jy maar net getrou aan Hom. Die belofte dat die volk kan terugkeer word vervul wanneer die Here koning Kores se gees opwek op sy bevel van terugkeer uit te vaardig.

Preek 2: Esra 1: 5: God bou self die kerk op deur leiers na vore te laat tree om die gemeente te lei en middele om die werk te doen. Vertrou en volg Hom.

Preek 3: Esra 2: 1 God voorsien lidmate met gawes om sy kerk te bou: Is jy is een van hulle - is jou naam op die lys?

Preek 4: Esra 3: 1 - 6: Die herstel en opbou van die kerk (van my en jou verhouding met God) begin by die altaar: die bediening van versoening en geloof in Jesus Christus.

Preek 5: Esra 3: 10 - 13: Bou die tempel! Die Here bou sy kerk en my en jou verhouding met Hom op deur genadevolle gemeenskap in die erediens!

Preek 6: Esra 4 - 6: Die Here stuur sy Woord en vuur ons aan deur Sy Gees om die weerstand van Satan te oorkom en ons bouwerk te voltooi.

BYBELLEESPROJEK

Week 24 (28 Junie – 4 Julie)

Maandag	Jeremia 19:1 – 22:30
Dinsdag	Jeremia 23:1 – 25:14
Woensdag	Jeremia 25:15 – 27:22
Donderdag	Jeremia 28:1 – 30:24
Vrydag	Jeremia 31:1 – 32:44
Saterdag	Jeremia 33:1 – 35:19
Sondag	Jeremia 36:1 – 38:28

Stuur jou klagtes of gedagtes, enige navrae of versoeke aan Erasmus Venter by 076 090 4459 of stuur 'n e-pos aan eav.venter@gmail.com

---

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Erasmus Venter – 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele– 018 290 7690 / 082 532 8658 - kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

SUSTERS IN DIE GELOOF

HOOP IN 'N WÊRELD WAT MET HOPELOOSHEID GEVUL IS.

1 PETRUS 1: 3-4 "...NOU HET ONS 'N LEWENDE HOOP....."

TEESKINKGELEENTHEDE

Ter wille van ons gemeente se veiligheid, gaan ons eers met koffie en tee na die oggenddiens stop, totdat die infeksies weer afneem.

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

Oosdoppertjies

Johannes 3:16

Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

NABOT GESTENIG



JISREëL - Die boeregemeenskap hier is met skok vervul oor die dood van een van die gesiene boere van die vrugbare vlakte. Nabot, die eienaar van 'n spogfamilieplaas net langs die koning se somerpaleis, is met klippe doodgegooi nadat hy skuldig bevind is aan Godslastering. Hy het ook die koning gevloek, het die plaaslike hof bevind.

Hardnekkige gerugte doen egter die ronde dat sy dood 'n goed beplande set van koningin Isebel is om die grond van Nabot in die hande te kry. Dit is 'n algemeen bekende feit dat koning Agab lankal sy oog op die wingerd het, aangesien dit aan sy paleisgronde grens. Hy het juis verlede week 'n aanbod aan Nabot vir die grond gemaak, maar Nabot het geweier. Die koning was volgens gerugte baie teleurgesteld omdat hy nie daarin kon slaag om die grond te bekom nie.

Koning Agab het net na Nabot se dood op die grond beslag gelê.

Lees hiervan in 1 Kon. 21: 1-16. Bron: Die Bybelkoerant

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

"A baby is as pure as an angel and as fresh as a blooming flower" – D Mridha

Pienkvoet 4D Sonars

BELEEF JOU ONGEBORE BABA
IN 4 DIMENSIES

Maak 'n afspraak tussen
28 en 32 weke
Whatsapp of sms
071 423 4270

Wat 'n voorreg om, saam met ouers, na een van God se grootste wonderwerke te kan kyk, terwyl hul nog totaal beskermd in hul eie wonderwêreld verkeer.
– Monica